Bybel vir Kinders

bied aan



'n Tempel Leier besoek Jesus

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus
Aangepas deur: M. Maillot; Sarah S.

Alastair Paterson

Vertaal deur: Yvette Brits
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2020 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Toe Jesus een dag die Tempel besoek, het Hy mense daar gevind wat nie respek betoon het aan God se huis nie. Hulle het diere verkoop en geld geruil reg in die Tempel!



Jesus het 'n sweep van koord gemaak om die handelaars uit die Tempel te dryf. "Vat hierdie goed weg," het Hy beveel. "Moet nie my Vader se Huis 'n plek van besigheid maak nie." Jesus was lief vir Sy Vader se Huis.



3

Die leiers het aangedring op 'n teken dat Jesus die reg gehad het om die Tempel leeg te maak. "Breek die Tempel af en Ek sal dit weer opbou in drie dae," het Jesus geantwoord. Onmoontlik! Dit het ses en veertig jaar geneem om die Tempel te bou.

4

Maar Jesus het van Sy Liggaam gepraat. Soos die Tempel was Sy Liggaam die plek waar God woon.



5

Toe dit aand was het een van die Tempel leiers Jesus kom besoek. Hy het geweet deur die wonderwerke dat Jesus deur God gestuur was. Nikodemus het na Jesus gekom om meer van God te leer.

6

Jesus het vir Nikodemus vertel dat mense eers weer moes gebore word om die Koningkryk van God te betree. Nikodemus het nie verstaan nie. Hoe kan 'n volwasse man weer 'n baba word? Hy was dan gelowig. Was dit nie genoeg nie?

7

"Dit wat van die gees gebore is, is gees," het Jesus verduidelik. "God se Gees is soos die wind. Mense sien nie of verstaan nie die wind nie. Hulle sien net wat die wind doen."

8



Jesus het Nikodemus herinner aan die kinders van Israel wat by Moses gekla het lank gelede. "Ons het nie kos nie, niks water nie, en ons haat die brood wat God ons gee," het hulle gehuil.

9

Die mense se sonde het God kwaad gemaak. Hy het vurige slange na hulle gestuur. Die slange het die mense gebyt. Baie het doodgegaan.



10

"Ons het gesondig. Bid dat die Here die slange wegvat," het die mense gesmeek. Moses het vir hulle gebid. Maar God het nie die slange weggevat nie.

11

God het vir Moses gesê om 'n vurige slang te maak en dit op 'n paal te sit. "Almal wat gebyt is sal lewe as hy na die slang op die paal kyk," het God belowe. Moses het 'n koper slang gemaak en die wat daarna gekyk het was genees.

12

Jesus het vir Nikodemus gesê dat die Seun van die mens opgelig moet word net soos die koper slang. Jesus het gepraat van die kruis waar Hy sou sterf vir sondaars.

13

Jesus het gesê, "God het die werêld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo nie sal vergaan nie maar die ewige lewe sal hê."

14

Dit beteken dat wie ookal in Jesus glo gebore is in God se familie.

15

Miskien het Nikodemus nie 'n dissipel van Jesus geword daardie aand nie. Maar jare later het Nikodemeus gewys dat hy lief was vir Jesus en in Hom geglo het deur te help om Hom te begrawe - die gekruisigde Seun van God.

16

Na dit het Jesus en Sy dissipels begin reis na die Noorde. Ander mense moes ook hoor van God se Koningkryk en ook die kans kry om te glo in Jesus van Nasaret, die Seun van God.

17

'n Tempel Leier besoek Jesus

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Johannes 2-3, Numeri 21

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

18

Die Einde

41 60

19

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

20